Sing vooraf staande: Psalm 111:3, 4 (p. 553)

3 Vir almal wat Hom vrees, het Hy / hul spyse mild'lik toeberei.
Hy is aan sy verbond gedagtig. / Hy het aan hul 'n erfdeel skoon,
'n land gegee om in te woon, / deur dade groot en oppermagtig.

4 Die werk van God is reg en waar: / onwrikbaar-vas, onwankelbaar
wat sy bevel aan ons verkondig; / bevestig is dit in sy stand,
verwerklik word dit deur Gods hand / in trou en regtheid, diep en grondig.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 84:1, 2 (p. 424)

1 Hoe lieflik is u wonings, HEER / der leërskare! Hoe begeer
my siel en hunker van verlange / om na Gods woning op te gaan
en in u tempelpoort te staan / met jubelende lofgesange.
My hart en vlees, o God, roep luid / tot U wat leef, verlangend uit.

2 Die mossie vind 'n huis, o HEER, / die swaeltjies lê in nessies neer;
en ek vind rus by u altare, / waar U vir my 'n woning maak
en U, my Koning, my bewaak. / Gedugte HEER der leërskare,
welsalig wie in u paleis / U altyddeur mag loof en prys!

Gebed

Skrifberyming 2-1:1, 2 (19:1, 2)

1 Nou sal ek opstaan, na die woning weer, / die vaderhuis my wank'le voetstap keer.
"My vader," sal ek sê, van misdaad sku, / "my sonde is teen die hemel en voor u."

2 "Ek het van hoë kindskap neergestort / en is nie werd u seun genoem te word,
as ek, my vader, wat u gramskap vrees, / as ek by u 'n huurling maar kan wees."

Skriflesing: Lukas 15:11-32; Heidelbergse Kategismus, Sondag 30:81

Kernvers: Lukas 15:17-20a

Toe kom hy tot inkeer en sê: 'My pa het wie weet hoeveel dagloners, en hulle het almal oorgenoeg kos, en hier vergaan ek van die honger. Ek sal dadelik na my pa toe teruggaan en vir hom sê: Pa, ek het teen God en teen Pa gesondig! Ek is nie meer werd om Pa se seun genoem te word nie. Behandel my soos een van Pa se dagloners.' En hy het sonder versuim na sy pa toe teruggegaan. (Lukas 15:17-20a AFR1983)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 81: Wie moet na die nagmaalstafel van die Here kom?

Antwoord: Hulle wat vanweë hulle sondes 'n afkeer van hulleself het, maar tog vertrou dat dit hulle om Christus wil vergewe is en dat die swakhede wat nog oor is, met sy lyding en sterwe bedek is; en dié wat ook begeer om hulle geloof hoe langer hoe meer te versterk en hulle lewe te verbeter. Maar die huigelaars en die wat hulle nie van harte tot God bekeer nie, eet en drink 'n veroordeling oor hulleself (a).
(a) 1 Kor 11:28; 10:19-22.

Tema: Ons het 'n dure plig om aan die nagmaalstafel te sit

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, om by die nagmaalstafel aan te sit, is nie iets wat jy sommer kan los as jy so voel nie. Christus beveel ons om nagmaal te vier. Ons sê dit ook in ons belydenis, in Sondag 28 antwoord 75, en ook in die vraag waarby ons vanaand stilstaan. Die vraag lees: **Wie moet na die nagmaalstafel van die Here kom?** Elke ware gelowige word dus deur Christus self aangesê om nagmaal te vier.

Nou is dit ook so dat ons al vir jare in die gewoonte is om elke drie maande die heilige nagmaal te vier. As ’n mens van ’n gewoonte praat, bedoel ’n mens nie noodwendig iets sleg of verkeerd daarmee nie. Ons sal eerder wil sê dit is ’n goeie gewoonte om driemaandeliks nagmaal te vier. Ons gelowiges moet tog aanhoudend in ons geloof versterk word anders verval ons maklik in twyfel – twyfel of ons werklik kinders van God is, twyfel aan God se liefde. Trouens, ons moet so dikwels as wat ons kan nagmaal vier. Calvyn het gemeen ’n ware gelowige behoort elke Sondag nagmaal te vier. Omdat die nagmaal een van die middele is waarmee die Here ons geloof versterk, is die gewoonte om elke drie maande nagmaal te vier ’n goeie gewoonte.

Maar hierdie munt het twee kante. Om in die gewoonte te wees om elke drie maande nagmaal te vier, kan ook ’n verkeerde uitwerking op ’n gelowige hê. Ons moet mekaar nie nou verkeerd verstaan nie. Dit is nie die gereelde nagmaalsviering wat verkeerd is nie. Die feit dat die gereelde nagmaalsviering ’n gewoonte vir ons is, kan veroorsaak dat ons dinge outomaties begin doen.

’n Voorbeeld: Iemand wat al vir jare motor bestuur, dink nie aan elke stap wat hy volg vandat hy in die motor geklim het totdat hy in die vierde rat ry nie. Vir so ’n mens is motor bestuur iets wat outomaties gebeur. U sal met my saamstem dat dit goed is om so gewoond te wees aan motor bestuur. Maar nagmaal vier is nie motor bestuur nie.

Hier is die strik wat die Satan vir ons stel. Omdat ons al vir jare in die gewoonte is om elke drie maande nagmaal te vier, hanteer ons die nagmaalsviering maklik soos motor bestuur. Ons dink nie elke stap deur totdat ons aan die tafel gaan sit nie. Ons beleef ook nie elke stap van ons voorbereiding vir die nagmaal altyd intens genoeg nie. Die ouderling kom ons maar elke drie maande besoek en vra of ons die begeerte het om nagmaal te vier en outomaties sê ons ja, ons wil nagmaal vier. Dit is mos wat van ons verwag word, dit is ons gewoonte.

Geliefdes, juis omdat gewoonte ook ’n verkeerde invloed op ons kan hê, mag die Heilige Gees ons vanaand weer op ons dure plig wys om aan die nagmaalstafel te gaan sit. Ons gebruik die handvatsels in antwoord 81 van ons Kategismus om te luister na dit wat die Here ons in die gelykenis van die verlore seun leer. Ons hoor ook hoe maak ’n wedergebore gelowige wanneer dit kom by die nagmaal.

Net eers iets oor die gelykenis van die verlore seun. Hierdie gelykenis vorm saam met die vorige twee gelykenisse ’n eenheid. In al drie die gelykenisse gaan dit oor iets wat verlore geraak het. In die eerste gelykenis is dit een skaap wat uit dwaasheid verlore raak. En hier is dit een uit ’n honderd wat verlore geraak het, dit wil sê een persent. In die tweede gelykenis is dit die muntstuk wat sonder enige toedoen verlore geraak het. Dit was een van tien muntstukke wat weggeraak het, dit wil sê tien persent. By die derde gelykenis voer Jesus die saak van die verlorenes tot ’n klimaks. Hier is dit ’n seun wat uit eiewilligheid en hardkoppigheid self verlore raak. Hy is een van twee seuns wat verlore geraak het, dit wil sê vyftig persent.

Kom ons gebruik nou die handvatsels van antwoord 81 om te sien hoe dure plig ons het

om aan die nagmaalstafel te gaan sit. Die eerste handvatsel: **Die mense wat vanweë hulle sondes 'n afkeer van hulleself het**, moet aan die nagmaalstafel gaan sit.

Broers, susters en kinders, by hierdie eerste handvatsel wat ook die eerste stap is op pad na die nagmaalstafel, ly ons groot gebrek. Ons wil nie graag 'n afkeer van onsself hê nie. Want om 'n afkeer van jouself te hê, beteken dat jy jouself moet verafsku en dit wil ons nie graag doen nie. Ons wil eerder aan onsself dink as mense wat iets beteken. As jy jouself verafsku, breek jy jou selfbeeld af. Maar hierdie afkeer van onsself gaan spesifiek oor ons sondes. Vanweë ons sóndes moet ons onsself verafsku.

Tog, dit bly steeds moeilik, want ons wil nie graag van onsself dink as sondaars nie. *Sondaar* klink tog so lelik, soos iemand wat verwerp is. Ons sal eerder wil sê ons is mense wat ... foute maak. En hier is die groot gebrek. Omdat ons nie graag van onsself as sondaars praat nie, gebeur dit dat ons ook nie graag oor ons sondes nadink nie en daarom ook nie 'n afkeer van onsself kan beleef nie.

Die jongste seun van die pa wou ook nie graag van homself as 'n sondaar dink nie. Hy wou graag onafhanklik wees, op sy eie. Hy wil sy eie ding gaan doen in die wye wêreld, onder sy pa se oë uit en weg van sy ouer broer af. Hy is mos 'n man wat sy ding kan doen. So gesê so gemaak ook. Toe hy sy deel van die erfporsie kry, het hy dit tot geld gemaak en na 'n ver land vertrek. Hierdie nuut gevonde vryheid het nie lank geduur nie. Gou-gou was al sy geld verkwis deur sy kamma vryheid wat eintlik losbandigheid was.

Daar sit hy toe met niks en die sogenaamde vriende wat hy gehad het toe die geld volop was, het ook soos mis voor die son verdwyn. Selfs toe hy al sy geld verkwis het en niks meer gehad het nie, wou hy nog nie aan homself dink as 'n sondaar nie. En om sy armoede nog te vererger, het daar 'n kwaai hongersnood in daardie land gekom. Maar selfs toe hy homself vir slawewerk moes aanbied, wou hy nog nie besef dat hy 'n sondaar is nie. Sy afdraande pad moes nog verder gaan. Hy moes tussen die varke gaan sit en kyk hoe hulle smaaklik aan die peule vreet, terwyl hy honger ly. As gevolg van die hongersnood moes die varke hulle kos kry en mag dit nie met iets of iemand anders gedeel word nie, nie eers met die vark-oppasser nie.

Eers toe hy vuil en honger tussen die varke sit, het hy begin dink. Eers dink hy aan die dagloners wat vir sy pa werk en hulle het genoeg om te eet. Dan besef hy waar hy is en wie hy regtig is. Hy is 'n sondaar. Hy het teen God gesondig, want hy was nie 'n rentmeester oor sy eiendom nie. Hy het teen sy pa gesondig, omdat hy met sy optrede eintlik sy pa se opvoeding en leiding verag het. Hy is nie werd om sy pa se seun genoem te word nie. Hierdie seun moes eers tussen die varke, vuil en honger in die gemors, gaan sit voordat hy tot inkeer gekom het, voordat hy homself verafsku het.

Broers en susters, ek is daarvan oortuig dat ons nie fisies so ver moet afdaal om te besef hoe sondig ons is nie. Die Here het sy Woord aan ons gegee sodat ons die eerste tree op pad na die nagmaalstafel kan neem. Hoewel dit 'n pynlike proses kan wees, behoort elke ware gelowige sy lewe stukkie vir stukkie te toets in die lig van God se Woord. Bid dat die Gees ons oë sal oopmaak sodat ons die donker skuilhoeke van ons harte kan bekyk en 'n afkeer van onsself kan hê.

Ons is tog ware gelowiges, daarom is ons ook verantwoordelike mense. En ’n verantwoordelike gelowige pas selftug toe. So ’n mens ondersoek homself en hy begin by hierdie eerste tree op pad na die nagmaalstafel. Dit spreek tog vanself, iemand wat nie waarlik ’n afkeer van homself beleef nie, gaan ook nie waarlik ’n behoefte aan Christus as Verlosser hê nie.

Laat ons nou die tweede handvatsel ondersoek: **Die mense wat tog vertrou dat hulle sondes om Christus wil vergewe is**, moet aan die nagmaalstafel gaan sit.

Eers nadat die jongste seun werklik besef het in watter gemors hy homself begewe het, het hy besef dat hy iemand nodig het om sy uitkoms te verseker. Self kan hy hom nie uit die gemors ophef nie, maar hy het nie gaan sit en homself bejammer of moedeloos geword nie. Hy het vertroue in sy pa gehad. Daarom het hy hom voorgeneem om na sy pa toe terug te gaan. En wanneer hy by sy pa sal kom, gaan hy nie eers smeek om uitkoms nie – hy gaan sy sonde teenoor God en teenoor sy pa bely. Onvoorwaardelike skuldbelydenis is immers die logiese stap na sondebesef. Dan moet sy pa na goeddunke met hom handel.

Hoewel die jong seun weet dat hy diep skuldig is voor God en sy pa, het hy steeds vertroue dat sy pa hom nie sal wegwys nie. Hy vertrou sy pa omdat hy sy pa ken as ’n man wat regverdig handel ook met die dagloners.

Die jong seun het ook nie by die voorneme opgehou nie. Hy het die daad by die woord gevoeg en dadelik opgestaan en na sy pa toe teruggegaan. En by sy aankoms het sy pa hom nie eers die geleentheid gegee om al die woorde te sê wat hy hom voorgeneem het om te sê nie. Skaars nadat hy sy sonde bely het en gesê het dat hy nie meer werd is om ’n seun genoem te word nie, val sy pa hom in die rede. Sy pa laat alles gereedmaak vir ’n feesmaal, want sy seun was dood en hy lewe nou weer. Sy pa het hom vergewe, daarom wil hy nie alles hoor wat die seun hom voorgeneem het om te sê nie. En hoewel die seun deur sy eie hardkoppigheid verlore geraak het, het hy steeds die pa se seun gebly.

Geliefdes, eers wanneer ’n mens die eerste tree op pad na die nagmaalstafel behoorlik gegee het en werklik deurleef het, sal ’n mens sy behoefte aan ’n Verlosser besef. En ons gelowiges ken ons Verlosser. Van kleins af weet ons dat Jesus Christus deur sy Vader gestuur is om in ons plek vir ons sondes aan die kruis te sterf.

Daarom sal die ware gelowige wat daadwerklik die eerste stap van die voorbereiding beleef het en vir seker weet dat Jesus Christus vir sondaars aan die kruis gesterf het ook ’n vaste vertroue in Hom kan hê. En die vertroue in Christus behels die volgende: Ek het die vaste vertrou dat Jesus Christus nie net vir ander mense aan die kruis gesterf het nie, maar ook vir my volkome van al my sondes verlos het. Deur sy gestorte bloed en gebreekte liggaam het Hy ook vir my die vergifnis by God die Vader verdien. Die gelowige wat sover gekom het om ook hierdie tweede tree op pad na die nagmaalstafel te gee, sal met vaste vertroue saam met Dawid kan sê: **Hy handel met *my* nie na *my* sondes nie en vergeld *my* nie na *my* ongeregtighede nie ... So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy *my* oortredinge van *my*.** (Psalm 103:10, 12 (aangepas) AFR1953)

Broers, susters en kinders, daar bly nog een laaste handvatsel oor. Die derde handvatsel is: **Die mense wat begeer om hulle geloof te versterk en hulle lewe te verbeter**, moet aan die nagmaalstafel gaan sit.

Die jong seun het daar in sy armoede en ellende besef dat selfs die dagloners by sy pa ’n beter lewe lei as wat hy in daardie stadium het. Hulle het ’n oorvloed aan brood omdat hulle gehoorsaam is aan sy pa. Maar hy ly gebrek omdat hy ongehoorsaam was aan God en eiewillig teenoor sy pa. Daarom begeer hy ook ’n beter lewe. Al behandel sy pa hom soos een van die dagloners, sal hy beter daaraan toe wees. Daarom neem hy hom ook voor om vir sy pa te sê: **Behandel my soos een van Pa se dagloners.** Daarmee gee hy ook te kenne dat hy sy lewe wil verbeter. Hy wil aan God en sy pa gehoorsaam bly.

Toe die seun uiteindelik by sy pa kom en sy pa begroet hom met soveel onbegryplike vrygewigheid en liefde, is sy sondebesef dieper as ooit. Daarom is sy uiteindelike woorde aan sy pa nie net ’n onvoorwaardelike skuldbelydenis nie, maar ook ’n kreet om versterkte geloof: **Pa, ek is nie meer werd om Pa se seun genoem te word nie**, help my!

Geliefdes, ons ware gelowiges wat weet en vertrou dat God sy onvoorwaardelike liefde en vrygewigheid ook aan ons bewys het, sal ook die begeerte hê om ons geloof te versterk en ons lewe te verbeter. Ons weet en vertrou mos dat Christus ook vir ons aan die kruis gesterf het en ons volmaak met God versoen het. Laat ons dan nou die begeerte openbaar deur ons geloof aanhoudend te versterk en ons lewe te verbeter.

Alleen met die middele wat God self aan ons gee, sal ons ons geloof kan versterk. Hierdie middele is die Woord, sakramente en gebed. En om jou lewe te verbeter is nie soos plastiese snykunde nie. Filmsterre ondergaan plastiese snykunde aan hulle gesigte om jonger en mooier te lyk, maar aan die res van hulle liggame bly die tekens van veroudering. Iemand wat begeer om sy lewe te verbeter, leef soos die loot wat op die ware wingerdstok ingeplant is. Hy leef deur die krag van die Gees en die Woord van God wat uit Christus in hom invloei.

Maar ... die mens wat net een van hierdie stappe nie behoorlik deurleef nie, die mens wat nie van harte berou het oor sy sonde nie, maar tog aan die nagmaalstafel gaan sit, moet weet hy is besig om te huigel. En vir so ’n mens geld die waarskuwing: **Die huigelaars wat hulle nie tot God bekeer nie, eet en drink ’n oordeel oor hulleself**.

Met hierdie woorde wil die Here ons egter nie van sy tafel af weghou nie. Inteendeel, Hy beveel ons om nagmaal te vier. Daarom leer Hy die drie treë van voorbereiding vir die heilige nagmaal aan ons. Hy wil sy gesin van ware gelowiges rondom die tafel hê. Om hierdie rede kan ’n gelowige ook nie sommer maar net van die tafel af wegbly nie. Iemand wat sonder enige besondere rede van die tafel af wegbly, is besig om hom te verhard teen een of meer van die stappe van voorbereiding. So ’n mens het geen afkeer van homself nie; en/of hy het geen vertroue dat sy sondes om Christus wil vergewe is nie; en/of hy het geen begeerte om sy geloof te versterk en sy lewe te verbeter nie.

Broers, susters en kinders, vanaand gee die Heilige Gees drie vrae aan ons om te oordink: Ten eerste, besef ek dat ek voor God ’n sondaar is en besef ek hoe erg my sonde regtig is? Ten tweede, glo ek regtig die belofte dat Christus en sy kruis my enigste hoop is?. En ten derde, begeer ek om vir Hom en om vir Hom alléén te lewe? Die nagmaalstafel van die Here is nie oop sodat elkeen wat wil sommer maar kan kom aansit nie. Christus beveel ons egter om aan te sit en die Heilige Gees begelei ons met hierdie drie ernstige vrae sodat ons die bevel van Christus kan gehoorsaam.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 2-1:5, 6, 7 (19:5, 6, 7)

5 “Van hoë kindskap het ek neergestort / en is nie werd u seun genoem te word;
as ek, my vader, wat u gramskap vrees, / as ek by u ’n huurling maar kan wees.”

6 Die vader sien sy slawe wagtend staan; / “Bring hier die beste kleed, trek hom dit aan;
bring vir sy hand die ring van fynste gloed / en skoeisel vir sy afgesloofde voet,

7 “Want hy, my seun, oor wie ons vrolik is, / was dood en het, in bly herrysenis,
weer lewendig geword; en hy, my kind, / vir my verlore, ◌is eind’lik weer gevind.”

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 11 September 2011